

“[O]m die wit staar aan myself te verduidelik”: witheid en die interseksionele spreker in Antjie Krog se *Plunder* (2022)

Ihette Senekal

<https://orcid.org/0000-0001-9258-8689>

Universiteit van Suid-Afrika

jacobi1@unisa.ac.za

Abstract

The research focus of this article is the lived reality of the poet–speaker – a South African white woman – in Antjie Krog’s *Plunder*, specifically how it is depicted in the poem “(work in progress) ’n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik” / “(work in progress) a polyphonic text: attempts to explain the white gaze to myself”. The aspects of exploration include how the speaker’s intersectional reality and identity are influenced by whiteness, and the relations that whiteness has with the white gaze, middle-classness, power and gender. The aim of the research is to illustrate how Krog engages with the politics of whiteness in post-apartheid South Africa in a self-revealing manner, but also that there is a possibility that Krog is sometimes unaware of the ways in which her explorations can reflect a continuation of hegemonic white privilege. The discussion of the poem ultimately illustrates how the poet–speaker’s persistent ambivalent position can indicate that clarity and reconciliation continue to slip from the grasp of those trying to make sense of the complex relationality between white and black people. The barriers caused by the white gaze, class and power differences are present throughout the poem, even in and through the perspective of the poet–speaker who undertakes to grasp the white gaze, and to grasp it with regard to how the black gaze views it.

Keywords: whiteness; white gaze; Antjie Krog; *Plunder*; intersectionality; relationality

UNISA 

Journal of Literary Studies

Volume 41 | 2025 | #19959 | 24 pages

 LASA

<https://doi.org/10.25159/1753-5387/19959>

ISSN 1753-5387 (Online)

© The Author(s) 2025



Published by the Literature Association of South Africa and Unisa Press. This is an Open Access article distributed under the terms of the Creative Commons Attribution-ShareAlike 4.0 International License (<https://creativecommons.org/licenses/by-sa/4.0/>)

Opsomming

Die navorsingsfokus van hierdie ondersoek is die geleefde realiteit van die digter-spreker – ’n Suid-Afrikaanse wit vrou – in Antjie Krog se *Plunder*, meer spesifieke hoe dit uitgebeeld word in die gedig “(work in progress) ’n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik”. Die aspekte van verkenning sluit in hoe die interseksionele realiteit en identiteit van die spreker beïnvloed word deur veral witheid, asook die relasies wat witheid met die wit staar, middelklasheid, mag en gender inhou. Die doel van die navorsing is om te illustreer hoe Krog op ’n selfontblotende wyse met die politiek van witheid in postapartheid Suid-Afrika in gesprek tree, maar dat daar ook ’n moontlikheid bestaan dat Krog self met tye onbewus is van die maniere waarop haar verkenning ’n voortsetting van hegemoniese wit bevoorregting kan reflekteer. Die bespreking van “(work in progress) ’n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik” illustreer uiteindelik hoe die voortdurende ambivalente posisie van die digter-spreker daarop kan dui dat klarigheid en versoening aanhou glip uit die greep van diegene wat probeer sin maak van die komplekse relasionaliteit tussen wit en swart. Die versperrings veroorsaak deur die wit staar, asook deur klas en magsverskille, is deurgaans in die gedig teenwoordig, selfs in en deur die perspektief van die digter-spreker wat onderneem om die wit staar te begryp, en dit ook te begryp in terme van hoe die swart staar dit beskou.

Keywords: witheid; wit staar; Antjie Krog; *Plunder*; interseksionaliteit; relasionaliteit

Inleiding

Die inbedding van dominansie in interseksionaliteitsteorie hou volgens Cynthia Levine-Rasky (2011, 244–45) verband met die studie van middelklasheid en witheid¹. Sy verwys na Brah en Phoenix se veelvoudige merkers van differensiasie, wat te voorskyn kom uit spesifieke historiese kontekste, en dui aan dat hierdie verband die beskouing van middelklasheid en witheid as twee van die merkers noodsaak. Suid-Afrika se komplekse en veranderende historiese konteks kan in hierdie opsig dien as ’n bloeipunt vir die ondersoek na die episteme van ’n interseksionele, geleefde realiteit wat sigself se eie kompleksiteit erken en krities verken. ’n Voorbeeld van die uitbeelding van so ’n geleefde realiteit kan in Antjie Krog se 2022-bundel, *Plunder*, nagespeur word.

1 Dick (2018, 247–248) verduidelik dat binne “Critical Whiteness Studies”, die term “whiteness” in Afrikaans as beide “witheid” en “witwees” vertaal word. Sy sien die verskil tussen die twee Afrikaanse terme in die lig daarvan dat “witwees” die prosesmatigheid en performatiwiteit van rassifisering beklemtoon, terwyl “witheid” eerder die klem laat val op ’n staat of toestand van witwees. In hierdie artikel word daar nie ’n betekenisonderskeid getref tussen “witwees” en “witheid” nie. Die term witheid word deurgaans gebruik, maar sluit nie daardeur die prosesmatigheid en performatiwiteit van rassifisering uit nie.

Weber (in Levine-Rasky 2011, 244) se konsepsionele raamwerk van interseksionaliteit dui aan dat dominansie kontingent is ten opsigte van uitsluiting, terwyl uitsluiting 'n relasionele magsverhouding impliseer. Die relasionele posisie van die wit vrou in Suid-Afrika sluit op funksionele wyse aan by die ondersoek na middelklasheid en witheid. Die ontmagtiging van vrouwees is welbekend binne interseksionaliteitsteorie, maar hierdie ontmagtiging word in 'n mate weerspreek deur wit vrouwees. Van der Westhuizen (2016, 228–29) stel dat – binne die historiese konteks van apartheid – die Suid-Afrikaanse wit vrou se etno-rassige vroulikheid 'n proses van interseksionele verskuiwing ondergaan waarbinne die ontmagtigende posisie van vrouwees (teenoor die patriargale voordeel van manwees) 'n teenwig vorm vir die verhewe status van witheid en middelklasheid. Volgens Van der Westhuizen (2019) is klas en ras in Suid-Afrika nou verweef, en kan die een nie sonder die ander verstaan word nie. In Van der Westhuizen se *Sitting pretty: White Afrikaans women in postapartheid South Africa* (2017) word klas, binne witheidstudies, voorgehou as bepalend vir hoe wit individue identiteite aanneem en as subjekte gevorm word.

Van der Westhuizen (2016, 222) noem verder dat die konteks van postapartheid beskryf kan word as 'n terrein van bevaagtekening van voorheen genormaliseerde hiërargieë, maar dat daar steeds in gedagte gehou moet word dat die amptelike einde van apartheid nie die onmiddellike einde van die magseffekte van die apartheidsdiskoers beteken nie. Juis weens die kompleksiteit van hierdie historiese en sosiale kontekste, bied 'n ondersoek na die wit middelklasvrou se interseksionele bestaan in postapartheid Suid-Afrika 'n andersoortige perspektief op tradisionele beskouings van interseksionaliteitsteorie (wat eerder fokus op die vrou in 'n gerassifiseerde en/of werkersklas posisie).

Die navorsingsfokus van hierdie ondersoek is die geleefde realiteit van die digterspreker – 'n Suid-Afrikaanse wit vrou – in Antjie Krog se *Plunder*, meer spesifieke hoe dit uitgebeeld word in die gedig “(work in progress) 'n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik” (96–101)². Die aspekte van verkenning sal insluit hoe die interseksionele realiteit en identiteit van die spreker beïnvloed word deur veral witheid, asook die relasies wat witheid met die “wit staar”, middelklasheid, mag en gender inhou.

Witheidstudies binne die Suid-Afrikaanse konteks

Dick (2018, 232) steun op die werk van Steyn en Green in haar siening van witheidstudies as ontblotend van die onsigbare strategieë waarvolgens wit mense hulself en ander rassifiseer, en op onverdiende voorregte aanspraak maak. Sy wys verder op die verskuiwing van die antirassismefokus na wit mense, en die gepaardgaande ondersoek na hoe wit identiteite deur 'n breër rassistiese kultuur gevorm word. Dit plaas die fokus

2 Waar daar slegs na bladsynommers tussen hakies verwys word, word daar deurgaans verwys na *Plunder* (Krog, 2022).

op die subtile en onbewuste denke en gedrag wat rassiediskriminasie kenmerk en wat as “normaal” beskou word.

In 'n LitNet-onderhoud met Kees van der Waal in 2019, word vrae oor wittees aan twee kenners, Melissa Steyn en Christi van der Westhuizen, gestel in 'n poging om die term te deurgrond. Volgens Steyn (2019) is witheid die ruimte van bevoorregting waarbinne alledaagse voorregte wat saamgaan met die aangenome norm van mensheid as vanselfsprekend aanvaar word. Een belangrike aspek van hierdie bevoorregting is 'n geneigdheid om nie te erken of die erns daarvan te erken dat en hoe rassebevoorregting en rasseonderdrukking vormgewend is vir die lewe van die self en die ander nie. Van der Westhuizen (2019) voeg hierby dat die “ontwikkeling van die transdissiplinêre veld Kritiese Wittees-studies vanaf die vroeë 1990's gelees kan word as die implementering van die idee dat kritiese intellektuele werk van 'die rasse-objek na die subjek' moet verskuif, soos Toni Morrison dit in 1992 uitgedruk het.”

Van der Westhuizen (2019) beklemtoon die belang van witheidstudies binne die Suid-Afrikaanse konteks en stel dat ons in die verlede in Suid-Afrikaanse sosiale wetenskappe 'n uitermatige beklemtoning van die marges van onderdrukking gesien het, terwyl die magsentrums soos wittees, manlikheid en heteronormatiwiteit onbestudeer was. Suid-Afrikaanse studies oor wittees is een van die pogings om hierdie skeefgetrekte ontleding te korreger. Steyn (2019) sluit hierby aan en wys daarop dat die norm van witheid diep gesetel is in die Suid-Afrikaanse (wit) psige omdat dit deel was van die globale (en by implikasie ook die lokale) onderdrukking van mense deur die era van koloniale uitbreiding en dominering. Witheid is geïnternaliseer as deel van wit identiteit en onderlê Suid-Afrikaanse politiek, geskiedenis en ideologiese aannames rondom mag.

Witheid in die werk van vroulike Afrikaanse skrywers

Die aard van hierdie ondersoek bring my egter te staan voor die oorweging van my eie posisionering ten opsigte van witheid en die skryfwerk van wit Suid-Afrikaanse vroue. As 'n wit Suid-Afrikaanse, Afrikaanssprekende, middelklasvrou wat hierdie ondersoek onderneem, bestaan die moontlikheid dat ek hiermee die kulturele kapitaal van witheid onopsetlik versterk. Ek is verder bewus daarvan dat my posisie beperk is en dat die ontleding van die werk van 'n digter soos Krog, wie se sosiale en kulturele agtergrond ooreenkom met myne, noodwendig gekleur is deur die interpretasies wat ek in die werke inlees op grond van my posisie binne postapartheid Suid-Afrika. In Mary West (2009, 28) se *White women writing white*, kom sy tot dieselfde besef in terme van haar navorsing en stel sy dat solank ras voortduur as sosiale meganisme wat 'n impak het op magsverhoudings, dit nodig bly om aan te hou om die maniere waarop rassisme funksioneer te ontmasker. Van der Westhuizen (2019) roer ook hierdie kwessie aan, aangesien sy dieselfde posisie beklee in haar navorsing. Sy is van mening dat dit belangrik is om die ontleding van witheid altyd binne die konteks van werk teen rassisme te plaas en dat wit mense 'n besondere verantwoordelikheid het om rassisme

te verstaan en weerstand daarteen te bied, omdat ons in die verlede daarby baat gevind het en dit nog in die hede voortgaan.

West (2009, 3) onderneem in haar navorsing om die werk van vroulike wit Suid-Afrikaanse skrywers³, wat bewus is van witheid as 'n kulturele konstruksie en van hulle eie relasionele posisie binne die diskursiewe dinamiek wat Suid-Afrikaanse rassepolitiek vorm, te ondersoek. Sy bespreek Antjie Krog as een van hierdie skrywers, en voer aan dat haar ondersoek 'n assessering moontlik maak van tot watter mate wit identiteite steeds gekarakteriseer word deur grootliks onbewuste en onondersoekte aannames en gepaardgaande reg op aanspraak. Een van haar bevindings beskryf die skryfwerk van wit vroue as kenmerkend van die ambivalensie wat duidelik word uit die verhouding tussen die oorblywende aannames rondom aanspraakmaking wat staan teenoor die ontluikende gebare van versoening. Sommige skrywers erken en ondersoek hierdie ambivalensie, terwyl ander dit ignoreer en voortsit (2009, 4). West (2009) poog in haar ondersoek om onder meer Krog se werk in oënskou te neem in terme van hierdie ambivalensie, 'n onderneming wat ek van toepassing maak op sleutelgedigte uit *Plunder*.

Die Krog-oeuvre: 'n Blik op witheid binne die Suid-Afrikaanse sosiale en politieke konteks

In *Plunder* word die temas in Krog se vorige bundel, *Mede-wete* (2014), maar ook Krog se oeuvre in geheel, voortgesit, soos onder meer die oopskryf van die digter-spreker se ondersoek na witheid en haar perspektief op wat dit beteken om as wit Afrikaanse vrou in die Suid-Afrikaanse konteks te bestaan.

Plunder bestaan uit ses afdelings en volgens Senekal (2022, 77) bied die titel reeds 'n belangrike sleutel tot die bundel aangesien “plundering” in verskillende gedaantes benader en ontmasker word. *Plunder* se vyfde afdeling is saam met die tweede die kortste afdelings van die bundel. Laasgenoemde bevat slegs drie gedigte, naamlik “#FeesMustFall – Oktober 2015”, “die sigbaarmaking van allerlei strooptogte” en “redekawel”. Afdeling vyf bestaan ook uit drie gedigte, “as iemand”, “(work in progress) 'n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik” en “die vulgariteit van verse”. Hierdie twee afdelings vul mekaar tematies aan, soos reeds blyk uit die titels van die gedigte daarin vervat, en fokus onder meer op sosiale en politieke “plundering” in Suid-Afrika.

Nog 'n aspek wat deurgaans in Krog se oeuvre teenwoordig is en ook manifesteer in bogenoemde twee afdelings van *Plunder*, is die verband tussen taal en die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse sosiale en politieke konteks. In die programmatiese openingsgedig van *Plunder* “dit kom nie meer op my af nie” word die problematisering

3 Hierdie skrywers sluit Pamela Jooste, Susan Mann, Antjie Krog, Marianne Thamm, Karen Press, Nadine Gordimer en Marlene van Niekerk in.

van taal bekendgestel met verwysing na “opgesaalde woorde”, “verspilde taal” en “afgrondvers”. Dié gedig roep volgens Senekal (2022, 77) ’n totale digterskap op en herinner die leser terselfdertyd aan die brandende Krog wat sê “ek skryf omdat ek woedend is” (*Otters in bronslaai*, 1981) én die Krog wat ’n taal van medemenslikheid en versoening – “’n taal van onseid” (68) wil konstrueer. Laasgenoemde strewe is reeds teenwoordig in onder meer Krog se vorige digbundels, *Kleur kom nooit alleen nie* (2000)⁴ en *Mede-wete* (2014)⁵.

Die manier hoe Krog hierdie tweeledige ingesteldheid in *Plunder* aanpak, getuig van ’n besef wat lank reeds in haar oeuvre teenwoordig is. Die aspirasie om werklike versoening deur taal te kan bereik word deur Krog se vorige werke bevestigteken en die bewustheid van die onmag van die taal hang hiermee saam. In “dit kom nie meer op my af nie” word daar gestel: “eenmalig het ek behoort tot die brandendes / nou wil my stem iets dryf / sidder dit walglik klammerig van omgee en vergifnis” (13). Later in die bundel word daar ook in “as iemand” gesê “ek glo nie meer in versoening nie / (dis altyd net ek en die tuin wat daarby baat) / wraak en vergelding moet nou sy loop neem” (95).

Viljoen (2002, 39–40) bespreek hierdie problematisering van die strewe na versoening en medemenslikheid aan die hand van die twee gedigte wat onder die titel “ná grond-invasions in Zimbabwe” (Krog 2000, 45–6) in *Kleur kom nooit alleen nie* verskyn. Hierin “bevestigteken die digter haar eie idealisme oor die konstruksie van ’n Suid-Afrikaanse of Afrika-identiteit waarin die ‘kleur van mens’ die kategorie van ras sal vervang. . . . In die eerste gedig vra die digter of . . . rasse-verskille alle waardes, gevoelens van gedeelde menslikheid en tuis behoort in Afrika oorskry:”

sal ek altyd wit wees
 maak nie saak waarvoor ek staan
 by wie ek skaar wat ek doen
 wie my ondersteun nie?

[. . .]

sal ek op ’n dag forseer word om te besef
 swart en wit het niks gemeen nie
 nie waardes nie nie medemenslikheid nie
 selfs en veral nie geslag nie

is kleur die allesbepalende faktor ek kan hoe
 liefhê hoe hoort wit-wit wit-wit klop my hart

4 Vergelyk Viljoen (2002), Van Coller en Odendaal (2003), Taljard (2006) en Taljard (2008).

5 Vergelyk Jacobs (2015), Visagie (2015), Viljoen (2016), Voges (2019) en Taljard (2021).

Die implikasies van hierdie vrae in die eerste gedig word volgens Viljoen (2002, 46) in die tweede gedig uitgebrei tot die vraagstuk of die digter-spreker se identiteit verbind is tot die idee dat sy 'n wit vel het, en of “besitting van die wit vel dié uiteindelik / ergste oortreding” is. Viljoen (2002, 46) kom tot dié gevolgtrekking:

Die gedig eindig met 'n reeks stellings waarin dit duidelik blyk dat die digter weier om te aanvaar dat haar velkleur of ras die belangrikste merker van haar identiteit is en dat sy diegene sal verafsku wat haar forseer om haar “te skaar by ander wittes omdat hulle wit is”. [. . .] Uit hierdie gedig blyk dit dat bepaalde gebeure die digter dwing om haar eie opvatting dat velkleur of ras vervang kan word met die ‘kleur van mens’ by die rekonstruksie van haar identiteit as Suid-Afrikaner en Afrikaan te bevraagteken.

Krog se 2014-bundel, *Mede-wete*, sit die gesprek rondom identiteit, velkleur, hoort en medemenslikheid voort. In “Vrou Justitia geblinddoek” word daar gevra “maar hoe hou ons mekaar se bloed in bewaring anders / as om vurig mede-lug en die sakrosankte van alle liggame / te verinnig sodat die hartelose die barmhartigheidslose die / brutale die wrede die venyn nie al is wat ons het wanneer / ons teenoor mekaar staan nie” (Krog 2014, 35). Daar is egter volgens Voges (2019, 145) deur *Mede-wete* heen die suggestie dat ten spyte van die bemoeienis binne Krog se groter oeuvre om die self met suksesvolle integrasie binne 'n Suid-Afrikaanse konteks te integreer, die suksesvolle (inter)verbondenheid tussen die self en die ander baie moeilik, en selfs onmoontlik, is.

Selfondersoek en die relasionele posisie van die digter-spreker in *Plunder*

Die gedig waarop die fokus van my ondersoek val, “(work in progress) 'n meerstemmige teks: pogings om die wit staar aan myself te verduidelik”⁶ (96–101), sit die verkenning van die temas van medemenslikheid, versoening en “onsheid” voort. Dit word gedoen binne 'n ondersoekende raamwerk waarin die digter-spreker op selfontblote wyse die teoretiese konsepte van witheid en die wit staar aanpak. Hierdie werkswyse staan die stelling wat Curry in *White women writing white* (2000) maak teen, naamlik dat wit vroue wat skryf, skryf vanuit ideologiese, sosiale, ekonomiese, politiese en psigologiese raamwerke van witheid, maar terselfdertyd 'n beperkte, selfs geen, konseptuele verhouding tot die bepalings van witheid of die effek wat witheid het op die geskrewe produk openbaar nie. Krog se ingesteldheid in “work in progress” is egter om juis te skryf met 'n bewustheid van haar posisie binne die raamwerk van witheid. Die titel van die gedig getuig reeds daarvan dat die gedig 'n komplekse poging is om hierdie posisie te begryp.

In aansluiting by bogenoemde kan Hunter en Van der Westhuizen (2022, 19) betrek word wat vra hoe dit sou lyk as subjekte wat as wit gerassifiseer is in staat sou wees om te praat, op te tree, te skryf en te redigeer deur hulle witheid, eerder as oor hulle witheid. Hiermee bedoel hulle dat om deur witheid te praat nie 'n endossering inhou nie, maar

6 Voorts sal hierdie gedigtitel verkort word tot slegs “work in progress”.

'n aanvaarding van die geleefde realiteit van die worsteling om ten volle menslik verbind te wees tot die wêreld, en 'n verwerping van die anti-relasionele verdeelde self van globale koloniale witheid. Krog sien haarself as digter in hierdie lig; haar bekentenis in “die sigbaarmaking van allerlei strooptogte”, naamlik “as digter is my wese dié van 'n Kolonis / ek val ander se werk binne” (39), dui op haar bewustheid van haar relasionele posisie. Hoewel sy “Kolonis” hier as metafoor gebruik, suggereer dit ook dat die digter-spreker besef dat haar perspektief koloniaal gekleur is. In “redekawel” (41) verwys sy na hoe die ander haar beskou as die “Bevoorregte Volksplanter” met “koloniale vrypas-oë”. Sy is dus nie blind vir die manier hoe sy van buite beskou word nie, maar sy onderneem om self te bestaan “sonder dié permanente haag / van mag en 'n pantser van blinde ekheid” (41). Sy sê sy “wil in 'n deurlatende vel stap, my oorgee / aan wat anderkant 'ek is' leef” (41), en illustreer hiermee dat sy bewus is van die komplekse ingebedheid van waaruit sy skryf. Sy skryf met ander woorde déúr haar witheid en deurgaans in *Plunder*, soos ook in haar vorige werk, skryf sy met inagnames van haar menslike verbintenis tot die wêreld, in besonder tot die Suid-Afrikaanse konteks waarbinne sy haar bevind.

In Louise Viljoen (2022) se resensie van *Plunder*, beaam sy dat Krog nie huiwer om pynlike politieke kwessies aan te spreek nie en dat die bundel onder meer toon dat Krog bereid is om te onderhandel en haarself te onderwerp aan “'n hinderlaag / van drumpels, welige onsekerhede / wat die wit self gooi sodat die witself self objek word”, soos wat dit gestel word in “#FeesMustFall – Oktober 2015” (36). Viljoen beskou ook die gedig “redekawel” as 'n aanduiding van Krog se bereidwilligheid tot pynlike selfondersoek: “ek wil gepor, gekneus en oopgeruk word / deur ander maniere van dink ek wil / beheer opgee, my uitkyk ontwig, al / my sekerhede moet skipbreuk ly” (41).

Viljoen (2022) meen dat bogenoemde instelling tot 'n hoogtepunt gevoer word in “work in progress”. Sy sê die volgende oor die gedig, wat sy 'n “waagmoedige gedigreeks” noem:

In hierdie gedig voer Krog verskillende stemme ten tonele om die kwessie van die ‘wit staar’ (white gaze) op te stel teenoor ‘die swart staar’. Die gedig bestaan uit vier ‘pogings’ om die wit staar, oftewel die digter-spreker se eie staar, te ondersoek en daar word gebruik gemaak van vyf stemme om die verskillende aspekte van die kwessie te belig. Stemme 1 en 2 probeer verduidelik hoedat hulle die swart staar ervaar. Stem 3 kritiseer hierdie pogings met teoretiese argumente in Engels, terwyl stemme 4 en 5 heftig-emosioneel op die eerste twee stemme reageer.

Die wit staar en die gebruik van motto's in “Work in Progress”

Daar is vier motto's wat “work in progress” voorafgaan, en elkeen raak die wit staar aan. Die gedigtitel en motto's maak dit dus uit die staanspoor duidelik wat die digter-spreker se voorneme is. Die strewe om die wit staar, en die relasionele effek daarvan, te begryp word in “work in progress” op die spits gedryf, maar is soos reeds genoem ook teenwoordig in ander gedigte in die bundel. Die motto's van “work in progress” trek

reeds voor die aanvang van die gedig verbande met ander gedigte uit *Plunder*, wat ook die wit staar ter sprake bring. Hier kan byvoorbeeld verwys word na “#FeesMustFall – Oktober 2015” (35), waarin die digter-spreker vrae stel soos “is ek die Groot Staar – die Groot Wit Staar? / is witheid ’n slagyster, ’n meestersverdoeselaar? / word mens verstriek en betrap deur jou beste self?” en “is goedbedoelde witheid pynlik?” Sy sluit hierdie gedig af met die vraag “is alles turbulensie ’n irrupsie / om die liggaam te herbewoon sonder / bevuiling van die Wit Staar?” (35), en sluit daardeur aan by “work in progress” se eerste motto wat die verband tussen die wit staar en die swart liggaam uitlig.

Die eerste motto is ’n aanhaling van die Franse psigiater, skrywer, filosoof en vryheidsvegter Frantz Fanon wat lui “I move slowly in the world, accustomed now to seek no longer for upheaval. I progress by crawling. And already I am being dissected under white eyes, the only real eyes. I am fixed. Having adjusted their microtomes, they objectively cut away slices of my reality. I am laid bare. I feel.” Hierdie aanhaling is geneem uit Fanon se 1952-publikasie, *Black skin, white masks* en volgens Sithole (2016, 29) sluit dit aan by Fanon se beskouing van die swart liggaam as ’n verwensing (“curse”) in ’n wit-gedomineerde wêreld, asook sy siening dat die wit staar die swart liggaam van subjek tot objek kan omskep, kan ontmens.

Dit is egter interessant om te let daarop dat Krog die aanhaling in die middel van ’n oorspronklike sin eindig wanneer sy dit as motto gebruik. In Fanon (1952, 116) en Fanon (2009, 260–61) lees die volledige aanhaling “I am laid bare. I feel, I see in those with faces that it is not a new man who has come in, but a new kind of man, a genius. Why, it’s a Negro!” Die feit dat Krog na die frase “I feel” ’n punt plaas, in plaas van die oorspronklike komma, kan reeds beskou word as ’n illustrasie van die wit staar se besitneming van die swart beleving. Die suggestie word geskep dat die moontlikheid bestaan om die presiese formulering van Fanon, ’n denker wat deur vele beskou word as “one of the most important writers in black Atlantic theory in an age of anti-colonial liberation struggle” (Drabinski 2019), effens te kan aanpas deur ’n sin te eindig waar hy die sin wou laat voortgaan.

Die tweede motto is ’n aanhaling van die Amerikaanse skrywer Toni Morrison: “Our lives have no meaning, no depth without the white gaze. And I have spent my entire writing life trying to make sure that the white gaze was not the dominant one in any of my books.” Dié aanhaling kom voor in die 1998-onderhoud met Charlie Rose waarin Morrison praat oor die konsep van skryf oor ras. Rose verwys na ’n vraag wat voorgehou is aan Morrison in ’n vorige onderhoud, naamlik of sy ooit ’n roman sal kan skryf wat nie gesentreer is rondom ras, en spesifiek die swart beleving, nie. Morrison reageer op die vraagstuk deur die volgende te sê: “I have had reviews in the past that have accused me of not writing about white people. [...] *As though* our lives have no meaning and no depth without the white gaze [my kursivering]. And I’ve spent my entire writing life trying to make sure that the white gaze was not the dominant one in any of my books.”

My kursivering in die aanhaling hierbo dui aan hoe die aanhaling wat deur Krog gebruik word, verskil van wat oorspronklik deur Morrison in die onderhoud gesê is. Wanneer

Morrison se sin begin met “[a]s though”, is die betekenisimplikasie anders as wanneer die sin hiersonder begin, soos wat Krog dit aanhaal. Eersgenoemde impliseer ’n verwerping van die vooropstel van die wit staar en laasgenoemde laat dit voorkom asof Morrison swart lewens slegs as betekenisvol en as diepsinnig sien wanneer dit deur die wit staar betrag word. In genoemde onderhoud met Rose, bevestig Morrison dat haar bedoeling dié van die eerste aanhaling is, wanneer sy verder sê “I didn’t have to be consumed by or be concerned by the white gaze. That was the liberation for me.”

Met bogenoemde bespreking van die veranderings wat aangebring is aan die oorspronklike aanhalings van Fanon en Morrison, wil ek egter nie beweer dat dit spesifiek Krog is wat die aanhalings met opset so verander het en gebruik het nie. Dit is moontlik dat die aanhalings met tyd heen in ander bronne reeds gebruik is soos wat Krog dit hier gebruik. Die feit dat die aanhalings nie ten volle ooreenkom met die oorspronklike formulering van twee belangrike swart skrywers nie, illustreer egter steeds die moontlikheid dat hulle werk anders beskou kan word deur die wit staar as wat hulle bedoeling was.

Die derde gedigmotto, deur die Amerikaanse filosoof George Yancy, sluit hierby aan: “The white gaze discursively snatches the body, distorts it into an immobile, nonhuman version of itself. It traps black people in white imaginations.” Hierdie aanhaling kom uit een van die seminale bronne oor die wit staar, naamlik *Black bodies, white gazes: The continuing significance of race* (Yancy 2008).

Hunter en Van der Westhuizen (2022, 19) bespreek George Yancy se refleksie op die gevolge van die wit staar (“white gazing”) as ’n diepgesetelde historiese aanwas wat die maak van swart liggame normaliseer deur middel van ’n verhouding tot wit mag. Yancy stel belang in die rol van die wit staar in die produksie van die swart liggaam, nie as gevolg van wat dit weergee in terme van swartheid nie, maar as gevolg van wat dit weergee oor die maniere waarop wit mense verstaan kan word binne ’n relasionele ontologie. In die lig hiervan is die Yancy-motto gepas vir “work in progress”, aangesien dit vooruitwys na die poging om in die gedig juis die wit staar te deurgrond deur middel van ’n relasionele ontologie.

Die laaste van die vier motto’s is die bekende uitspraak “An unexamined life is not worth living” wat deur die Griekse filosoof, Sokrates, gemaak is. Die gebruik van hierdie uitspraak as motto wys op die digter-spreker se onderneming om deur middel van selfrefleksie, introspeksie en kritiese denke haar eie (wit) lewe in oënskou te neem. Die motto is die enigste van die vier wat ’n wit stem as oorsprong het, en dit word weer opgeroep deur die slot van die gedig wat later bespreek sal word.

Die eerste drie motto’s, elkeen van ’n swart skrywer óór witheid bied verdere interessante aanknopingspunte met die gedig. Dit stel sekere motiewe voorop waarmee die gedig in gesprek tree. Daar is die motiewe van kyk, sien en die staar wat in die motto’s deur woorde soos “dissected”, “microtomes”, “laid bare”, “white gaze” en “distorts” aangedui word. Nog ’n motief is dié van die swart liggaam, en hoe witheid

dié liggaam en die liggaam se agentskap inperk, met woorde soos “move slowly”, “crawling”, “I am fixed”, “snatches the body”, “immobile” en “traps” wat dié motief uitbeeld. Laastens kan die motief van die relasionaliteit tussen swart en wit gesien word deur middel van die gebruik van woorde en frases soos “upheaval”, “reality”, “no meaning, no depth”, “dominant” en “black people in white imaginations”.

Hierdie motiewe word in “work in progress” aangewend om witheid te verken. Soos reeds genoem bestaan “work in progress” uit vier pogings waarin die digter-spreker onderneem, soos die titel vermeld, om die wit staar aan haarself te verduidelik. Alhoewel die vier pogings elkeen in eie reg bydra tot die digter-spreker se verkenning van witheid, is dit veral die eerste poging wat die belangrikste temas en perspektiewe aan die leser bekendstel, en ook vir die leser oopstel. Die tweede, derde en vierde pogings bied in ’n mate telkens ’n ander lens op dieselfde inhoudelike aspekte van die beskouing van witheid wat in “poging 1” geopper word. Om onnodige herhaling te vermy, sal ek vervolgens ’n deeglike stiplees van “poging 1” onderneem, waarna ek slegs die mees noemenswaardige aspekte van “poging 2”, “poging 3” en “poging 4” sal bespreek.

Die problematiek van witheid en die wit staar in “poging 1”, strofes 1 tot 4: Die perspektief van die wit individu

Dit is opmerklik dat “poging 1” (96–7), met die uitsondering van een strofe, bestaan uit slegs die perspektief van “stem 1” en “stem 2”. Die “meerstemmigheid” waarna die titel verwys is dus nie aanvanklik op die voorgrond nie. Die eerste drie strofes begin telkens met die woord “ek”: “ek sien”, “ek word” en “ek sit” plaas die fokus op die ek-spreker. Die afleiding kan verder gemaak word dat “stem 1” verwys na die huislike digter-spreker, oftewel die huislike Krog as outobiografiese karakter, en “stem 2” na die professionele digter-spreker, oftewel die openbare figuur- en digter-Krog as outobiografiese karakter. Die spreker wat “stem 1” en “stem 2” verteenwoordig is dus twee fasette van dieselfde mens, twee wit perspektiewe wat soms verskillende invalshoeke verteenwoordig en soms gelyktydig hulself verwoord:

stem 1

ek sien swart werkers loslittig die boomryke straat afhardloop

hul uitgelate uitroepe skerp hulle gewrigte fiks

ek sit by my laptop en voel hoe hulle na my huis kyk

my tuin my voëlbadjie en geurige jasmynterras

stem 2

ek word genooi om gedigte voor te lees:

ná my velkleur vasgestel is, praat, eet en drink

die swart gehoor eenvoudig verder

die MC pleit een maal vir stilte maar word geïgnoreer

stem 1

ek sit my kruideniersware op die toonbank
 en vermoed hoe die swart mense in die tou
 met brood en polonies my sojamelk bespreek
 my lamkwart, my aarbeie en spanspek

Wanneer “stem 1” die gedig open met “ek sien” word die wit staar uit die staanspoor geaktiveer. Die digter-spreker bevind haar in hierdie strofe in haar huislike ruimte vanwaar sy “swart werkers” in die straat dophou. Die strofe is gemerk met simbole van wit bevoorregting. Die digter-spreker is duidelik deel van die middelklas, aangesien sy sit by haar laptop en ook verwys na haar huis se tuin, voëlbadjie en jasmynterras. Dit is juis hierdie simbole van wit bevoorregting wat ruimtelike afstand skep tussen haar en die “swart werkers”. Tussen haar huis en die straat is die versperrings van haar tuin en jasmynterras.

Die tuinruimte wat in die eerste strofe van “work in progress” ’n rol speel, skep ’n verband tussen dié gedig en die gedig wat dit voorafgaan in die bundel, naamlik “as iemand” (95). Die slotreëls van laasgenoemde is vroeër in die artikel aangehaal en volgens Fourie (2023, 65) getuig hierdie reëls van die spreker wat die beperkings van versoening strak uitleë. Fourie noem dat die parentetiese tweede laaste reël – “(dis altyd net ek en die tuin wat daarby baat)” – funksioneer as ’n koda wat verder in hierdie afdeling uitgewerk word, soos in “work in progress”. Wanneer laasgenoemde gedig reeds in die eerste strofe die tuin vermeld, word die woorde van die digter-spreker in die vorige gedig uit die staanspoor geaktiveer, die leser weet sy “glo nie meer in versoening nie” en dat “wraak en vergelding” nou sy loop moet neem. Hierdie woorde staan in teenstelling met die strewe wat in “work in progress” voorgehou word, en dit beklemtoon die kompleksiteit rondom rasseverhoudings en die moontlikheid tot rasseversoening. Dit is asof dit altyd ’n onmoontlikheid bly om verby die versperrings van “wraak en vergelding” te beweeg, selfs al is die bedoeling om relasionaliteit tussen rasse werklik te begryp.

Die digter-spreker kyk egter in die eerste strofe van “poging 1” deur middel van haar wit staar verby die versperrings van haar huis en tuin en beskryf die “swart werkers” as “loslittig”, “uitgelate”, wat met hulle “gewrigte fiks” “die boomryke straat afhardloop”. Sy beklemtoon dat dit is wat sy sien, deur die strofe te begin met “ek sien” en hierdeur tree haar beskrywing in gesprek met die motto’s wat die gedig voorafgaan. Beide die aanhalings van Fanon en Yancy benoem die effek van die wit staar as liggaamlik inperkend en belemmerend. Wanneer die digter-spreker dan die “swart werkers” beskou as die teenoorgestelde van wat Fanon en Yancy hier noem, word die moontlikheid geskep dat sy binne die konteks van postapartheid wil glo en oordra aan die leser dat die inperking wat apartheid op swart liggame en die agentskap van swart liggame geplaas het, nie meer vooropstaan nie. Dit is moontlik dat die digter-spreker hier die strewe na ’n postapartheid ideaal wil tentoonstel, maar wanneer sy in die derde versreël die klem verskuif van wat sy sien na wat sy voel, tree wit bevoorregting en agterdog in.

Die funksie van kyk word hier na die “swart werkers” oorgedra, sy sê “ek voel hoe hulle na my huis kyk”. Of die “swart werkers” wel na die digter-spreker se huis kyk, kan nie vasgestel word nie. Wat wel belangrik is, is dat dit die digter-spreker se perspektief op die swart staar tentoonstel. Dit roep Yancy se stelling in die motto op, naamlik “The white gaze [. . .] traps black people in white imagination”.

In bogenoemde strofe word daar deur middel van die digter-spreker se wit staar verder geïmpliseer dat die swart werkers na haar huis kyk en ’n simbool van wit bevoorregting sien. Grant Farred (1997, 65) stel dat ware hegemonie, naamlik wit eiendom, steeds in plek is en sy stelling bly relevant ten opsigte van wat hier in die gedig uitgebeeld word. Uit die eerste strofe kom dit voor asof daar ongeveer dertig jaar na hierdie uitspraak steeds dieselfde hegemonie te bespeur is, aangesien die wit digter-spreker steeds die een is wat die huis besit, terwyl die swart werkers aan die buitekant daarvan staan, en dit deur die digter-spreker geïmpliseer word dat hulle met afguns na haar huis kyk.

In die eerste strofe is daar ’n duidelike verskil op te merk, nie alleen in terme van ras nie, maar ook in terme van klas. Die digter-spreker is, soos genoem, deel van die middelklas, terwyl die “swart werkers” deel vorm van die werkersklas. Hierdeur word Nancy Armstrong (1997, 919) se beskouing van Westerse wit middelklasvroue as maghebbend in die huislike ruimte, veral wat betref die voortsetting van klashiërgieë, opgeroep. Sy waarsku teen die vereenvoudigde en bekende feminisme wat verval in die gemaksone van die retoriek van slagofferskap, en sy dring daarop aan dat die idee dat middelklasvroue noodwendig oor mag beskik, aanvaar moet word. Alhoewel hulle nie bemagtig is op tradisioneel manlike wyses nie, is hulle steeds bemagtig op grond van sosiale klas. Die digter-spreker beklee dus in hierdie strofe ’n magsposisie vanweë haar hoër sosiale en ekonomiese klas en dit is vanuit daardie posisie wat sy die liggame van die “swart werkers” betrag en beskryf.

In die tweede strofe is die klasseverskil nie relevant nie, wanneer die digter-spreker in haar professionele hoedanigheid gevra word om haar gedigte vir ’n “swart gehoor” voor te lees. In hierdie strofe is beide die gehoor se reaksie, en die digter-spreker se observasie van die gehoor, merkers van die funksionering van die wit staar. Die digter-spreker verwys na die gehoor se minagting vir haar voorlesing en skryf dit toe aan die siening dat die gehoor haar velkleur vasgestel het en haar toe as irrelevant gemerk het. Dit is egter noemenswaardig dat die digter-spreker hier die een is wat stel dat die gehoor nie na haar luister nie op grond van haar velkleur. Hierdie siening versteek moontlik ’n onbewuste aanspraakmaking op die belang van haar velkleur: selfs al word dit negatief beskou, sien die digter-spreker steeds die kleur van haar vel as maghebbend genoeg om die gehoor se miskenning in wese te roep. Dit kan egter moontlik wees dat die gehoor byvoorbeeld nie belangstel in poësie nie, maar die digter-spreker se posisionering binne die postapartheid bestel laat haar net een moontlikheid sien en dit is dat hulle haar takseer op grond van haar velkleur. Dit is interessant dat die digter-spreker in hierdie strofe afleidings maak op grond van hoe sy die “swart gehoor” lees. In *Country of my skull* skryf Krog (2002, 234): “I cannot read the body codes of black people.” Hier is dit

egter weer 'n geval, selfs al is dit net gedeeltelik so, van die wit staar wat swart mense in wit verbeelding vaskeer.

In die derde strofe is “stem 1” weer aan die woord en word daar weereens verwys na simbole van wit bevoorregting. Op soortgelyke wyse as in die eerste twee strofes, maak die digter-spreker hier met eerste oogopslag ook aannames oor wat die swart ander van haar dink as gevolg van haar bevoorregte middelklasbestaan. Die klasseverskil blyk uit die noem van die digter-spreker wat baie duurder kruideniersware kan bekostig as die “swart mense in die tou”. Die gebruik van die woord “vermoed” in die tweede versreël is egter hier veelseggend. Dit kan moontlik 'n aanduiding wees dat die digter-spreker bewus is van die feit dat sy besig is om aannames te maak wat berus op wit aanspraakmaking. Sy is dus nie onbewus besig om haar eie magposisie voort te sit deur aan te neem dat sy weet wat die “swart mense in die tou” dink en dat hulle noodwendig aandag skenk aan die dinge wat sy koop nie. Sy erken dat dit *haar* “vermoede” is dat die swart mense haar “lamkwart, [. . .] aarbeie en spanspek” bespreek. Dit herinner aan West (2009, 16) se bevinding dat die noodwendig bevoorregte posisie wat deur wit middelklas vroue in Suid-Afrika ingeneem word, nou verbind is met die akute sin van ambivalensie wat hulle reaksie op ras en behoort in postapartheid Suid-Afrika merk. Die digter-spreker voel hier dat sy bespreek word op grond van haar klas en moontlik ook haar ras, maar besef terselfdertyd dat hierdie gevoel net 'n ideologiese vermoede kan wees.

Die vierde strofe van “poging 1” illustreer ondubbelsinnige vyandigheid teenoor die digter-spreker se witheid:

stem 2

ná 'n openbare lesing word ek vyandig ondervra:

wie gee jou die reg . . .? dis aanstootlik as jy . . .! waarom

hou jy nie by wit nie? belas ons nie met jou skuld nie!

moet julle altyd soveel plek vat! gaan doen die wit-werk!

Haar wit staar blyk hier steeds uit die feit dat sy die reaksie van die gehoor “na 'n openbare lesing” beskryf as “vyandig”. Alhoewel die dinge wat die vermoedelike swart gehoor sê wel vyandig blyk te wees, is die benoeming daarvan deur die digter-spreker wel in 'n mate 'n aanklag teen die ander. Die digter-spreker word hier onder kruisverhoor geneem deur diegene wat die lesing bygewoon het, deur die bekende kritiek wat hulle lewer teenoor die wit perspektief en teenwoordigheid. Dit is kritiek wat verband hou met die ruimte wat witheid beslaan, sowel as wit skuld en wit bevoorregting.

Hier moet ook in gedagte gehou word dat Krog deurgaans in hierdie gedig die posisie van selekteerder, organiseerder, meedeler en assessor van die reaksies op witheid beklee. Sy kies byvoorbeeld in strofe 4 om juis hierdie reaksies van die gehoor te noem

en dra daarmee by tot die narratief dat dit uiteindelik *haar* siening van witheid is wat in die gedig gekonstrueer word.

Die problematiek van witheid en die wit staar in “poging 1”, strofes 5 tot 7: Die groter konteks van witheid

Strofe 5 lei die onderwerp in van die spanning tussen die individu en die kulturele en rassegroep waartoe die individu behoort:

stem 1 en 2

ons sien hoe van swart vriende verwag word om wit vriende
as 'n verleentheid te beskou in huise, op straat
in die land maak swart luidkeels uitsprake oor witheid
wat witheid is, hoe diep dit krenk hoe wyd termineer

Bogenoemde faset van die teoretisering rondom witheid word gedemonstreer deurdat die digter-spreker haar in die eerste vier strofes as individu uitbeeld, hoewel duidelik 'n individu wat ingebed is in die ideologiese veronderstellings van die kulturele- en rassegroep waartoe sy behoort. In die vyfde strofe verskuif sy die voornaamwoord van die voorafgaande gebruik van “ek” na die gebruik van “ons”, wat die groter konteks van witheid suggereer. Wanneer stem 1 en stem 2 saam praat, verteenwoordig hulle die digter-spreker in groter geheel, aangesien sy hier in haar huislike en professionele hoedanigheid haarself verwoord, asook haarself as deel van 'n groter kulturele- en rassegroep.

Die digter-spreker se uitsprake in strofe 5, oor die manier hoe witheid “luidkeels” “in die land” deur “swart” bejeën word, word in strofe 6 beantwoord deur stem 3:

stem 3

**beware! the White Gaze in this poem is used here
to suggest that whites are also victims
because shame! see their self-acknowledged
guilt and fear of marginalisation⁷**

Stem 3 relativeer hier die voorafgaande strofes se inhoud wanneer witheidsteorie wat betrekking het op slagofferskap, skaamte (“*white shame*”), skuld en vrees vir marginalisering opgeroep word. Die stem rig 'n waarskuwing dat die lesers nie moet toelaat dat hulle deur die veronderstelde goeie bedoelings van die eerste vier strofes mislei word om witheid as slagofferskap te begin sien nie.

Wit slagofferskap word in strofe 6 met die uitroep “shame!” oopgevelek. Alhoewel hierdie uitroep dui op bekende Suid-Afrikaanse uitdrukking wat hier 'n ironiese en

7 Die vetdruk in hierdie aanhaling is gebruik soos dit in die gedig gebruik word.

spottende bejammering verteenwoordig, roep dit ook wit skuld en skaamte op. Dit staan verder in verband met die aanklag in strofe 4, “belas ons nie met jou skuld nie!” Hierdie aanhalings illustreer die ambivalensie rondom wit skuld en slagofferskap. Volgens Van der Westhuizen (2017, 20) is wit skaamte (“*shame*”) die emosie wat die meeste geleenthede bied vir transformasie. In “poging 1” van die gedig is die swart aanhoorder van die digter-spreker se woorde egter nie ontvanklik vir die potensiaal van die aanwending van skaamte ter wille van transformasie nie. Dié ingesteldheid word wel in die sesde strofe geregverdig wanneer wit skuld verbind word met die wit vrees om gemarginaliseer te word, eerder as om te transformeer, en eerder as om aanspreeklikheid te aanvaar.

In die slotstrofe van “poging 1” spreek die digter-spreker die besef uit dat die “Wit Staar” ’n “onoorkomelike klipmuur is”. Sy stel dit as iets wat “ons begryp” en sluit daarmee die groter ideologiese konteks van witheid in, alhoewel sy merendeels in “poging 1” as individu opgetree het. Die slotstrofe van “poging 1” is soos volg:

stem 1 en 2

goed, ons begryp: die Wit Staar is ’n onoorkomelike
klipmuur kom ons gebruik liever die woordeskat
van ras en vervang die woord Wit
met Swart. as u die woord Swart sien, lees Wit:

In hierdie slotstrofe wend sy in ’n moontlike poging aan om die “onoorkomelike” oorkombaar te maak, deur middel van die “woordskat / van ras”, die volgende voorstel: “vervang die woorde Wit / met Swart. as u die woord Swart sien, lees Wit:”. Hierdeur ontstaan die suggestie dat die digter-spreker die terme wit en swart as verwisselbaar wil skets. Dit wil voorkom asof sy die wit ervaring en swart ervaring, sowel as die wit staar en die swart staar, op so ’n wyse vergelykbaar maak dat die een die ander wedersyds kan vervang. Dit is moontlik dat die digter-spreker met opset hierdie teoretiese mynvelde betree om juis klem te lê op die onmoontlikheid van ware versoening.

Die problematiek van witheid en die wit staar in “poging 2”: Om versoening en verontskuldiging

Dit is onbetwisbaar dat die wit staar/ervaring en die swart staar/ervaring nie verwisselbaar is nie en onderskeidelik deur verskillende ideologiese, kulturele en sosiale kontekste gevorm en ervaar word. In strofe 6 van “poging 2” waarsku stem 3 weereens die leser teen die wit staar as maghebbende entiteit en noem dat die eksperiment wat die digter-spreker voorgestel het niks anders is nie as “white perspective privileging itself / again” (98). Stem 3 het hier gelyk, want dit is binne die digter-spreker se mag om hierdie eksperiment uit te voer. As bekende Afrikaanse digter het Krog ’n gehoor wat dit gaan lees en kan daar geargumenteer word dat dit vir haar moontlik is om voor te stel dat wit en swart as verwisselbare terme gebruik word, juis omdat sy nie die ideologiese bagasie

dra wat deur swart mense gedra word nie. Daar bestaan egter steeds die potensiaal dat die eksperiment wat die digter-spreker hierbo uitvoer wel 'n doel kan dien. Dit suggereer dat beide witheid en swartheid wedersyds in mekaar se verbeelding vasgevang is en onlosmaaklik is van mekaar omdat elkeen hulself (gedeeltelik) definieer in terme van die ander. Dit spreek ook iets uit van die magteloosheid wat die digter-spreker beleef in die aangesig van wat sy voel aanklagte teenoor haar is, op grond van haar ras en sosiale klas. Die reeds bekende postapartheid ontheemdingsteorie vind verder neerslag by die digter-spreker wanneer sy in strofe 5 van “poging 2” stel: “ek weet nie meer hoe om te wéés in die wêreld nie”.

West (2009, 7) sluit hierby aan wanneer sy die volgende stel oor Krog se werk:

In her dual capacity as writer and subject, she constantly confronts her own defensiveness, her own sense of normalcy and her own sense of alienation, in relation to multiple encounters with people whose politics do not necessarily concur with her own. [Her] work exemplifies the ambivalence of resisting and enacting white normativity [. . .] and it is an ambivalence suggesting that the ideological hopes she expressed in her earlier work [. . .] have not been sustainable, and that her sense of belonging as a white person in Africa is in jeopardy.

Die digter-spreker se gevoel van ontheemding en haar herhaaldelike vasloop in teenkanting ten opsigte van haar pogings tot versoening, bring haar daartoe om in die voorlaaste strofe van “poging 2” die soenoffer “goed, dan probeer ons net ons diepste anti-rassistiese self wees” aan te bied. Die konstante konfrontasie van haar eie selfverdediging (die “defensiveness” waarvan West hierbo praat) word egter weer duidelik gemaak deur die antwoord wat sy op hierdie soenoffer kry in die laaste strofe van “poging 2”:

stem 3

**I'm sorry: you first have to acknowledge
there is profound pain and distress as you
dart around in theory; there's also the anti-racist
comfort zone; there's the seduction of white
narcissism; there's recentring white privilege
by begging to be black**

Die problematiek van witheid en die wit staar in “poging 3”: Wit spraak en swart woede

Die derde afdeling, “poging 3” (99), neem aanvang met stem 1 wat die voorafgaande teenstand beantwoord met die woorde “weet jy wat?”, en daarmee haar ergerlikheid suggereer. Die res van die eerste strofe is 'n handboekillustrasie van wat teoreties bekendstaan as wit spraak (“whitespeak”):

stem 1

weet jy wat? ek gee. ek gee
by verkeersligte ek dra by tot studentefondse
ek gee vir liefdadigheid ek gee kos ek gee klere
ek betaal belasting ek onderhou ek ondersteun ek help

Die digter-spreker se selfverdediging in hierdie strofe is 'n voorbeeld van wit Suid-Afrikaners wat deur middel van hierdie tipe narratiewe nie noodwendig opsetlik rassisties is nie, wat selfs dink dat hulle rassisme teenstaan, maar by wie rassisme steeds onderliggend teenwoordig is.

Die digter-spreker se wit spraak word beantwoord deur die inbring van “stem 4” en “stem 5”. Hulle emosionele reaksie verteenwoordig die swart woede, wat binne die teoretisering rondom die swart staar as een van die gevolge van die trauma van rassisme gesien kan word. Stem 4 en 5 beskuldig die digter-spreker daarvan dat sy steeds die “koloniale vrugte pluk van / [haar] arrogante wit heerssugtigheid”. Dié stemme verdra glad nie die digter-spreker se gebare of verontskuldigings nie.

Wanneer “stem 3” in strofe vyf van “poging 3” intree met 'n teoretiese verwysing, is die woordkeuse van die stem opmerklik:

stem 3

**the White Gaze pretending
to undo its own practice . . .
as one might take off a shirt**

Stem 3 gebruik die woord “pretending” wanneer daar verwys word na die wit staar wat poog om van witheid se eie praktyke ontslae te raak “as one might take off a shirt”. Dit impliseer dat die wit staar nie werklik wil afstand doen van hierdie praktyke nie, maar slegs performatief optree ter wille van die skyn van versoening en boetedoening.

Die stem van die digter-spreker is egter steeds besig met 'n poging tot gebare van versoening, wanneer sy “poging 3” afsluit met “miskien probeer ons net maniere ondersoek / waarop ons mekaar sien, na mekaar kyk” (99), en stel dan dat die wit “ons” wat saam met die swart stem in ruimtes verwickel is, die digter-spreker bring tot die gevolgtrekkings waartoe sy in “poging 4” (100–01), in die slot van die gedig, kom.

Die problematiek van witheid en die wit staar in “poging 4”: 'n
Ondersoekte (wit) lewe

Voordat sy egter by hierdie gevolgtrekkings kom, betrek die digter-spreker in die tweede strofe van “poging 4” weer stem 4, wat die kwessie van grondeienaarskap en grondonteiening opper:

stem 4

**ons gee nie in nie ons gee nie
mee nie ons wil skulde betaal hê
ons wil grond onteien hê ons wil
ekonomiese geregtigheid hê**

Hierdeur word die digter-spreker se uitspraak in “poging 2”, “ek weet nie meer hoe om te wéés in die wêreld nie” (98), opgeroep.

Volgens West (2009, 25) word wit Suid-Afrikaanse vroue se werk gemerk deur hulle preokkupasie met ruimte, en nie alleen die huislike ruimte nie, maar ook die geografiese ruimte. West voer aan dat die skrywers wat sy bespreek se werk bewyse lewer van die feit dat hulle toenemend bewus word van hulle vervreemding en dat hulle dit nodig vind om hulle sin van hoort te heroorweeg. Dit word oorwegend gedoen in terme van die ruimtelike.

In “poging 4” word bogenoemde beskouing van West (2009, 25) geïllustreer. Hier dien die verwysing na grondonteiening as aanknopingspunt met ander gedigte in *Plunder* en in Krog se groter oeuvre wat telkens die problematiek van hoort as wit Suid-Afrikaner en as wit vrou ondersoek. In “koopkontrak” (84) sê die digter-spreker “somehow sou dit beter voel as die grond ‘gevat’ is / sou dit voel asof dit nog óns grond is, ons gevatde grond / maar nou verkoop ons dit, word ons die eerste geslag / sedert 1828 wat nie kan sê: ‘ons plaas’ of ‘plaas toe’ nie”. Hierdie versreëls dui daarop dat die digter-spreker moontlik voel dat sy (en haar familie) haar oorgeërfde posisie as wit grondeienaar verloën het deur die familieplaas te verkoop. Die implikasie bestaan ook dat sy sou verkies dat die grond eerder onteien moes geword het, want dan kon die skuld van haar na die onteienaar verskuif word. Die grond wat die digter-spreker (en haar familie) verkoop, was eens op ’n tyd die plek waar sy as wit Suid-Afrikaner gevoel het sy hoort. In “verlange – radeloos en sonder einde” (91) word verwys na “die rooigrasveld / waaruit jy en Pa ’n wêreld omgedolwe en beplant het / ons stralend laat hoort het”. Die digter-spreker sien hier haar ouers se handarbeid op hulle plaas as die oorsprong van die gevoel van hoort wat sy as kind kon hê, maar as volwasse wit vrou nie meer voel nie.

Die gedig word afgesluit met die *l’envoi* in “poging 4”. Hierin kom die digter-spreker tot die gevolgtrekking dat al wat haar eintlik te doen staan in die “staat van beskuldiging” is om “eerbaar / te probeer vaar op ’n see van haglike verwonding”. Die finale oordeel kom die “Swart Skaar” toe en dit is uiteindelik die swart staar wat die digter-spreker se lewe ’n ondersoekte lewe maak.

Dit is interessant dat hierdie slot van die gedig die *l’envoi* genoem word en dan slegs bestaan uit die wit stemme, naamlik stem 1 en stem 2. Dit kan daarop dui dat die digter-spreker probeer om self tot ’n gevolgtrekking te kom oor wat sy in die titel as haar intensie verklaar het, om in hierdie gedig “die wit staar aan myself te verduidelik”.

Volgens Medina (2018, 248) kan die wit staar gedefinieer word as “a racialised way of seeing that proceeds through the carefully cultivated refusal to see and acknowledge certain things and the suppression of other ways of seeing and experiencing the world”. Indien hierdie definisie van Medina voorgehou word as verklarend van die wit staar, is dit vir die digter-spreker moontlik om in die *l’envoi* tot die slotsom te kom dat sy nie in hierdie sin die wit staar beliggaam nie. Sy het in die gedig immers nie daarvan weggeskram nie om te vermeld dat sy as wit mens beskou word as die tradisionele norm wat “met volgehoue toewyding steeds / die koloniale vrugte pluk van / arrogante wit heerssugtigheid” (99).

Dit is egter ook moontlik om te argumenteer dat die digter-spreker wél die wit staar verteenwoordig omdat alle aanklagte teen en erkennisse van wit bevoorregting in die gedig nooit eksplisiet uit die mond van die digter-spreker kom nie. Met die aanvang van die gedig is daar verwysings na die spreker se bevoorregte posisie as deel van die middelklas, maar dit word implisiet aangedui. Deurgaans in die gedig is dit die swart stem (stem 3, 4 en 5) wat die kritiese uitsprake teen witheid lewer, terwyl die digter-spreker haarself beskou as “in die beskuldigdebank van die Swart Oordeel” (100).

Daar bestaan dus weereens ’n ambivalensie in die manier waarop die digter-spreker die wit staar in die gedig beliggaam, en selfs in die *l’envoi* is die bewoording van so ’n aard dat die digter-spreker tegelykertyd aanspreeklikheid aanvaar én haarself daarvan distansieer. Sy sê dat “hierdie staat van beskuldiging” haar bring “tot klein brose balanserings om eerbaar / te probeer vaar op ’n see van haglike verwonding”. Sy erken dus hiermee die rol wat wit gespeel het (en steeds speel) in die verwonding van swart, maar erken nie eksplisiet haar rol in daardie verwonding nie. Binne die konteks van die gedig kan egter geargumenteer word dat die digter-spreker deurgaans pynlik bewus is van die onlosmaaklikheid van haar eie witheid, wat haar wel dan insluit by hierdie erkenning van verwonding.

Dit kom vir die digter-spreker in die *l’envoi* daarop neer dat “die regsbank” “uiteindelik die Swart Skaar” is, “wat oor witheid die finale oordeel baar”. Dié siening herinner aan Zoë Wicomb (2001, 168) wat wit lees as “an empty signifier, both everything and nothing, [and] that being invisible to itself it cannot acknowledge its existence, it can only articulate itself in terms of the markedness of black, the constant which supplies the meaning of white as norm”. Witheid as norm skemer steeds deur in die slot van die gedig wanneer die wit lewe beskryf word as die “ondersoekte lewe”, wat dan natuurlik die Sokrates-motto oproep. Hoewel dié lewe slegs “in hierdie land” in relasie tot “die regsbank van die Swart Staar” “’n ondersoekte lewe” kan wees, is dit steeds die teenwoordigheid van swart wat die rol speel om wit as ondersoekend te bemagtig.

Slot

Volgens Steyn (2018, 10) bestaan daar drie maniere waarop wit Suid-Afrikaners afstand skep tussen hulleself en aanspreeklikheid vir die verlede, naamlik die konstruksie van onskuld, onttrekking en die eis van slagofferstatus. Steyn (2018, 11) dui aan dat die tweede aspek die onttrekking na private ruimtes, soos die semigrasie na elite buurte, behels. Hieraan is die digter-spreker in 'n mate “skuldig”, soos wat blyk uit strofe een en drie van “poging 1”. Steyn se eerste en derde aspekte hou verband met wit skaamte en slagofferskap. In “poging 1” word die onskuld en die slagofferskap van die digter-spreker verwerp omdat dit die beskouing van die swart stem is dat die wit staar in die gedig gebruik word “to suggest that whites are also victims” (97). In “poging 2” word wit slagofferskap verder krities bejeën, soos blyk uit byvoorbeeld die volgende versreëls: “woedend verskroei dit [die ‘Swart Staar’] selfs / die plekke waar witheid haar skaars probeer hou” (98). Die digterspreker se poging tot verontskuldiging blyk verder uit die eerste strofe van “poging 3”, wat hierbo reeds aangehaal is, en in “poging 4” word die tema deurgevoer wanneer die digter-spreker haarself beskou as “in die beskuldigdebank van die Swart Oordeel” (100).

In die lig van Steyn se teorie kan daar afgelei word dat die digter-spreker deurgaans in die gedig bewustelik of onbewustelik poog om haarself te distansieer van haar eie aanspreeklikheid vir die verlede, aangesien sy al drie van Steyn se aspekte in die verloop van die gedig beliggaam.

Die digter-spreker se deurlopende insluiting van bogenoemde aspekte wat deur witheidsteorie uitgewys word, illustreer egter ook haar gewilligheid om selfkrities en selfondersoekend te wees en op meerstemmige wyse ook haar eie ambivalensie uit te wys. Terselfdertyd kan die argument gevoer word dat die kritiek wat in die gedig teenoor (haar) witheid uitgespreek word, gebruik word as 'n meganisme tot vrywaring oor wat die digter-spreker in die gedig sê. As sy haar eie uitsprake relativer en ondervang met teenargumente, verhoed dit moontlik verdere teenargumente en kritiek. Telkens gee ambivalensie verdere ambivalensie aan, sodat dit begin voel asof die moontlikheid vir swart en wit om medemenslikheid en versoening te bereik, voortdurend ontwykend bly.

Ten slotte kan afgelei word dat “work in progress” illustreer hoe die voortdurende ambivalente posisie van die digter-spreker daarop kan dui dat klarigheid en versoening aanhou glip uit die greep van diegene wat probeer sin maak van die relasionaliteit tussen wit en swart. Die versperrings van die wit staar, asook van klas en magsverskille, is steeds teenwoordig, selfs in en deur die perspektief van die digter-spreker wat onderneem om die wit staar te begryp, en dit ook te begryp in terme van hoe die swart staar dit beskou. Die oorblywende geïmpliseerde aannames rondom wit aanspraakmaking staan deurgaans teenoor die ontluikende gebare van versoening en die argument kan gevoer word dat Krog dit bewustelik so opstel, maar ook dat sy self (gedeeltelik) onbewus is van haar eie wit aanspraakmaking. Die geleefde realiteit van die digter-spreker, wat interseksioneel haar identiteit aanneem, getuig uiteindelik van

die komplekse en ambivalente posisie van die wit Suid-Afrikaanse vrou binne die konteks van postapartheid.

Verwysings

- Armstrong, Nancy. 1997. "Some call it fiction: on the politics of domesticity." In *Feminisms: an anthology of literary theory and criticism*, onder redaksie van Robyn Warhol-Down en Diane P. Herndl. Rutgers University Press.
- Curry, Renée R. 2000. *White women writing white: H.D., Elizabeth Bishop, Sylvia Plath, and Whiteness*. Greenwood Press.
- Dick, Liezl. 2018. "Assemblage-teorie, affek en witwees. 'n Alternatiewe blik op die werking van witwees." *LitNet Akademies* 15 (2): 229–48. <https://www.litnet.co.za/assemblage-teorie-affek-en-witwees-n-alternatiewe-blik-op-die-werking-van-witwees/>.
- Drabinski, John. 2019. "Frantz Fanon." In *Stanford encyclopedia of philosophy*, onder redaksie van Edward N. Zalta en Uri Nodelman. <https://plato.stanford.edu/entries/frantz-fanon/>.
- Fanon, Frantz. 1952. *Black skin, white masks*. Vertaal deur Charles L. Markmann. Pluto Press. Oorspronklik gepubliseer as *Peau noire, masques blanc* (Pluto Press, 1986).
- Fanon, Frantz. 2009. "The fact of blackness." In *Theories of race and racism: a reader*, onder redaksie van Les Back en John Solomos. Routledge.
- Farred, Grant. 1997. "Bulletproof settlers: the politics of offensive in the new South Africa." In *Whiteness: A critical reader*, onder redaksie van Mike Hill. New York University Press.
- Fourie, Reinhardt. 2023. "Plunder deur Antjie Krog." *Stilet* 35 (2): 63–6. <https://journals.co.za/doi/10.10520/ejc-stilet-v35-n2-a5>.
- Hunter, Shona en Christi van der Westhuizen. 2022. "Viral whiteness: twenty-first century global colonialities." In *Routledge handbook of critical studies in whiteness*, onder redaksie van Shona Hunter en Christi van der Westhuizen. Routledge.
- Jacobs, Ihette. 2015. "Mede-wete (Antjie Krog)." *Tydskrif vir Letterkunde* 52 (2): 235–36. <https://doi.org/10.4314/tvl.v52i2.22>.
- Krog, Antjie. 2000. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kwela Boeke.
- Krog, Antjie. 2002 [1998]. *Country of my skull*. Penguin Random House.
- Krog, Antjie. 2014. *Mede-wete*. Human & Rousseau.
- Krog, Antjie. 2022. *Plunder*. Human & Rousseau.

- Levine-Raskya, Cynthia. 2011. "Intersectionality theory applied to whiteness and middle-classness." *Social Identities* 17 (2): 239–53.
<https://doi.org/10.1080/13504630.2011.558377>.
- Medina, José. 2018. "Epistemic injustices and epistemologies of ignorance." In *Routledge companion to the philosophy of race*, onder redaksie van Paul Taylor, Linda Alcoff en Luvele Anderson. Routledge.
- Morrison, Toni. 1992. *Playing in the dark: whiteness and the literary imagination*. Harvard University Press.
- Morrison, Toni. 1998. "Charlie Rose conversations: Toni Morrison." Onderhoud met Charlie Rose, 19 January. <https://charlierose.com/videos/17664>.
- Senekal, Ihethe. 2023. "Plunder (Antjie Krog)." *Tydskrif vir Letterkunde* 60 (1): 77–8.
<https://doi.org/10.17159/tl.v60i1.16414>.
- Sithole, Tendayi. 2016. "The concept of the black subject in Fanon." *Journal of Black Studies* 47 (1): 24–40. <https://doi.org/10.1177/0021934715609913>.
- Steyn, Melissa. 2018. "Whiteness: post-apartheid, decolonial." In *Whiteness Afrikaans Afrikaner: addressing post-apartheid legacies, privileges and burdens*, onder redaksie van Joel Netshitenzhe. MISTRA.
- Steyn, Melissa. 2019. "In gesprek oor wittees in Suid-Afrika met Melissa Steyn en Christi van der Westhuizen/In conversation about whiteness in South Africa with Melissa Steyn and Christi van der Westhuizen." Onderhoud met Kees van der Waal, LitNet Onderhoude, 8 Augustus 2019. <https://www.litnet.co.za/in-gesprek-oor-wittees-in-suid-afrika-met-melissa-steyn-en-christi-van-der-westhuizen-in-conversation-about-whiteness-in-south-africa-with-melissa-steyn-and-christi-van-der-westhuizen/>.
- Taljad, Marlies. 2006. "Die skryf vind plaas in selfgeveg: versoeningstrategie in *Kleur kom nooit alleen nie* deur Antjie Krog." *Literator* 27 (1): 141–62.
<https://doi.org/10.4102/lit.v27i1.184>.
- Taljad, Marlies. 2008. "Stoei teen die gedikteerde narratief: palimpses, sgraffito en permutasie van tekste in Antjie Krog se 'Skilderysopnette e.a.'." *Stilet* 20 (1): 215–36.
<https://hdl.handle.net/10520/EJC109862>.
- Taljad, Marlies. 2021. "'Geen vlerke stut meer . . .': geselekteerde gedigte in Krog se *Medewete* gelees as outobiografiese postsekulêre laatwerk." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61 (3): 690–712. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2021/v61n3a4>.
- Van Coller, Hennie en Bernard Odendaal. 2003. "*Kleur kom nooit alleen nie* (Antjie Krog) en *Die burg van hertog Bloubaard* (H. J. Pieterse): 'n poëtikale beskouing (Deel 2)." *Stilet* 15 (1): 36–64. <https://hdl.handle.net/10520/EJC109736>.

- Van der Westhuizen, Christi. 2016. "Race, intersectionality, and affect in postapartheid productions of the 'Afrikaans white woman'." *Critical Philosophy of Race* 4 (2): 221–38. <https://doi.org/10.5325/critphilrace.4.2.0221>.
- Van der Westhuizen, Christi. 2017. *Sitting pretty: white Afrikaans women in postapartheid South Africa*. University of KwaZulu-Natal Press.
- Van der Westhuizen, Christi. 2019. "In gesprek oor wittees in Suid-Afrika met Melissa Steyn en Christi van der Westhuizen/In conversation about whiteness in South Africa with Melissa Steyn and Christi van der Westhuizen." Onderhoud met Kees van der Waal, LitNet Onderhoude, 8 Augustus 2019. <https://www.litnet.co.za/in-gesprek-oor-wittees-in-suid-afrika-met-melissa-steyn-en-christi-van-der-westhuizen-in-conversation-about-whiteness-in-south-africa-with-melissa-steyn-and-christi-van-der-westhuizen/>.
- Viljoen, Louise. 2016. "Antjie Krog's *Mede-wete*/Synapse as a challenge to new ways of comparative reading." *Literator* 37 (1): a1271. <https://doi.org/10.4102/lit.v37i1.1271>.
- Viljoen, Louise. 2002. "'Die kleur van mens': Antjie Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* (2000) en die rekonstruksie van identiteit in post-apartheid Suid-Afrika." *Stilet* 14 (1): 20–49. <https://hdl.handle.net/10520/EJC109706>.
- Viljoen, Louise. 2022. "Antjie Krog: 'Ek wysel taal soos ek wil'." *Netwerk24*, 30 Oktober. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/boek-antjie-krog-ek-vysel-taal-soos-ek-wil-20221030>.
- Visagie, Andries. 2015. "Sinaps-opsporing tussen self en ander in Antjie Krog se *Mede-wete* (2014)." *Tydskrif vir Letterkunde* 52 (2): 225–34. <https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.52i2.6594>.
- Voges, Remona. 2019. "Antjie Krog, gemeenskaplikheid en die behoefte aan interverbondenheid in *Mede-wete* (2014)." *LitNet Akademies* 16 (1): 145–65. <https://www.litnet.co.za/antjie-krog-gemeenskaplikheid-en-die-behoefte-aan-interverbondenheid-in-mede-wete-2014/>.
- West, Mary. 2009. *White women writing white: identity and representation in (post-) apartheid literatures of South Africa*. David Philip.
- Wicomb, Zoë. 2001. "Five Afrikaner texts and the rehabilitation of whiteness." In *Culture in the new South Africa: after apartheid*. (Vol. 2), onder redaksie van Robert Kriger en Adebe Zegeye. Kwela Books.
- Yancy, George. 2008. *Black bodies, white gazes: the continuing significance of race*. Rowman and Littlefield.